

# ***Logos* as logika: Die epistemologie van die Calvinistiese filosoof Gordon Clark (1902–1985)**

**J.A. Schlebusch**

---

J.A. Schlebusch, Departement Sistematiese en Historiese Teologie, Universiteit van Pretoria

---

## ***Opsomming***

Die filosoof Gordon Clark is hoofsaaklik bekend vir sy epistemologiese konflik met die apologete Cornelius Van Til. In terme van sy epistemologie, beklemtoon Clark net soos Van Til en ander prominente Calvinistiese filosowe soos Herman Dooyeweerd die belangrikheid van a priori-voorveronderstellings as noodsaaklik vir die verkryging van enige kennis. Binne die Calvinistiese filosofie verteenwoordig hy egter 'n besondere posisie, naamlik 'n uitdruklike Presbiteriaanse filosofie wat epistemologies begrond is in die Westminster Geloofsbelofenis van 1647. Volgens sy epistemologiese raamwerk, wat die kern van sy geskil met Van Til raak, is ware menslike kennis en logika wesenlik en inhoudelik dieselfde as goddelike kennis en logika. Clark definieer logika dan ook as goddelike denke, en meen daarom dat die Christelike geloof as begrond in die goddelike rasionaliteit die enigste antitese van irrasionaliteit self is. Hierdie klem op die epistemologiese normatiewiteit van logika as toets vir waarheid plaas Clark in 'n unieke posisie binne die Christelike filosofie. Clark se hoë waardering vir Aristoteliaanse logika as basies tot alle teoretiese denke onderskei daarom ook sy epistemologie beduidend van byvoorbeeld Herman Dooyeweerd en Cornelius Van Til. Laasgenoemde beskou logika as geskape werklikheid, terwyl dit vir Clark in wese 'n goddelike eienskap is. Sy unieke beklemtoning van kognitiewe voorveronderstellings as basis van geloofsdenke is veral van waarde vir die godsdienswetenskap in die lig van die 21ste-eeuse ontwikkelings in hierdie veld wat gekenmerk word deur 'n toenemende waardering van kognitiewe voorveronderstellings as onderliggend tot godsdiensgetuigings.

**Trefwoorde:** Clark, Gordon; Dooyeweerd, Herman; epistemologie; logika; Van Til, Cornelius; voorveronderstellings

## Abstract

### **Logos as logic: The epistemology of the Calvinist philosopher Gordon Clark (1902–1985)**

The philosopher Gordon Clark is perhaps best known for his conflict with the apologete Cornelius van Til (1985–1987) involving their respective epistemological frameworks. This conflict in and of itself was the result of differing understandings of the nature of human knowledge. Whereas Clark argued that true human knowledge, being rooted in divine knowledge, is qualitatively the same as the latter, even if there is a major quantitative difference, Van Til rejected this epistemic theory of Clark as fundamentally constituting a violation of the distinction between Creator and creature. In contradistinction he maintained that humans can never know anything in the same way that God knows it. This article takes a close look at Clark's epistemology, highlighting what is widely considered to be one of the more controversial aspects thereof, namely his high appreciation of logic which lay at the heart of the aforementioned controversy.

Clark argues that true knowledge is only made possible inasmuch as God reveals it to the human consciousness. This revelation is in turn only enabled by the fact that the human mind is enlightened by God and thereby empowered to understand the eternal realities intended by the divine mind. The rational nature of humans – something not shared with animals or plants – makes humans in principle capable of grasping divine thoughts as their own and thus obtaining true knowledge. At least in this regard, Clark's epistemological framework stands firmly in the tradition of Calvinist philosophy. According to Clark, the idea of *tabula rasa*, i.e. that the human mind is like a blank slate upon which knowledge can be imprinted, is a logical impossibility, since a priori presuppositions are necessary for acquiring any knowledge. Because apriorisms or presuppositions are an indispensable foundation for knowledge itself, it cannot be derived from anything else. He also criticizes rationalism and empiricism, asserting that the former necessarily ends in solipsism due to its erroneous presupposition that reason alone is the sole ground of all indubitable knowledge. This logically rules out all external realities – not just the Creator but also creation itself – as this framework does not allow for any true knowledge of anything outside consciousness itself. On the other hand, empiricism also fails because the senses themselves cannot generate knowledge without cognitive presuppositions through which those realities can be interpreted and understood. As such, at the heart of Clark's epistemology lies a commitment to the inescapability of aprioristic or pre-theoretical starting points which structure every aspect of human knowledge.

Clark's understanding of the Greek concept of *Logos*, as used in the Gospel of John and in the Johannine epistles, constitutes the most controversial aspect of his epistemology. He believes that the word *Logos* should be translated as "logic" rather than "word", as it is conventionally done, and that the word in itself is an expression of rationality or a rational discourse with significant epistemological objectives. Clark argues that true human knowledge and logic are essentially and substantively the same as divine knowledge and logic. For Clark, the origin of human logic lies in God breathing the divine Spirit into humans, which initially allowed humans to receive the accompanying divine logic. However, sin disrupts this pure rationality in humans, and sanctification also involves learning to think logically as God thinks. Therefore sanctification is not only a moral but also an intellectual process.

Clark's epistemology is grounded in Aristotelian ontology and Aristotle's idea of ontological dependence, according to which everything in the universe has a particular ontological dependence

or foundation in a metaphysical first cause. Clark's idea of creation as ontologically grounded in one divine will is decisive for his epistemology. Since all non-theistic realities are necessarily dependent on this divine will, the revelation of this divine will is necessarily the true foundation of all knowledge about reality. This infallible revelation is found only in the Bible, making it the *sine qua non* of all true knowledge. The Bible reveals Christ Himself as both the ontological Logos behind all reality as well as the epistemological Logos through which humans come to knowledge of that reality.

As such, Clark believes that true logic is impossible to achieve without the enlightenment of the divine Logos. Since logic involves deductions or deductive argumentation, and any inference can only be valid if the form of the conclusion is true every time the forms of the premises are, no true deductions can be made without the presupposition of the divine Logos as revealed in the Bible. Clark amplifies that there is a necessary and indispensable connection between presupposition or apriorism and all logical deductions from that apriorism. He thus rejects all inductive arguments as failed attempts to infer the essence of reality from particular created phenomena.

According to Clark, logic is normative in the sense that it tells us how we ought to think. Without logic, morality and ethics could not exist. Clark's emphasis on the importance of logic places his epistemology in a unique position within the context of Christian and Reformed philosophy in particular. He holds that propositions are understandable only through logic, and that the Bible is largely propositional. Clark's idea of normative logic is reminiscent of the epistemology of the German analytic philosopher Gottlob Frege, who considered logic to be the fundamental building block of human thought, and that which makes knowledge possible in the first place. Clark's appreciation of Aristotelian logic as essential to theoretical thinking also distinguishes his Christian rationalism significantly from Herman Dooyeweerd's Reformational philosophy.

Clark's Presbyterian background and strict adherence to the Westminster Confession of Faith of 1647 played a crucial role in his view of the role of Logos as a central epistemological concept. Clark's Christian rationalism or "Scripturalism" is based largely on the claim in Article 1.6 of the Westminster Confession that all knowledge is obtained through the Bible or through the logic of the Bible. This differs from the Amsterdam/Toronto school of thought which places emphasis on logic as part of a created reality, while Clark sees logic as an aspect or characteristic of the eternal divine will itself. This difference furthermore also highlights the structural difference between the distinctly ontological emphasis of the Belgic Confession of Faith on the one hand, as it begins with the doctrine of God, and the epistemological emphasis of the Westminster Confession on the other, as its first article deals with divine revelation in the Bible.

Clark's approach is distinct from that of Dooyeweerd and Van Til, who acknowledge the paradoxes of revelation rather than emphasising its non-contradictory nature. Clark's Christian rationalism, on the other hand, which emphasises cognitive presuppositions as the basis for faith thinking, has the potential to be a unique contribution in light of contemporary trends involving the Cognitive Science of Religion characteristic of the field of Religious Studies. Clark's clear exposition of the nature of logic and his high regard for human rationality without falling into rationalism constitutes a valuable contribution to the field of epistemology – one from which philosophers, theologians, and religious scholars from various schools and traditions can benefit.

**Keywords:** Clark, Gordon; Dooyeweerd, Herman; epistemology; logic; presuppositions; Van Til, Cornelius

## 1. Inleiding

Epistemologie as onderafdeling van die filosofie het te make met kennisleer, oftewel kennis-teorie. Vrae soos wat kennis is, hoe kennis verkry word en wat die beperkinge van kennis is, is in die eerste plek hier ter sprake, maar dan ook die rol van geloofsoortuigings, emosie en die rede in die verkryging van kennis (Siegel 2014:372). Die epistemologie het ook verder te make met hoe ware van valse oortuigings onderskei behoort te word, oftewel soos die Amerikaanse epistemoloog Alvin Goldman en Matthew McGrath (2015:4) dit stel: “how is truth to be acquired?” Met ander woorde, die epistemologie handel oor wat algemeen onder filosofie bekendstaan as “justified true belief”, oftewel hoe ons kan weet dat dit wat ons weet waar is (Boghossian 2007:15).

In hierdie artikel gaan daar gekyk word na ’n unieke epistemologiese teorie binne die Reformatoriese filosofiese skool, naamlik dié van die 20ste-eeuse Amerikaanse filosoof, Gordon Haddon Clark (1902–1985). Alhoewel Clark relatief minder bekend is as ander verteenwoordigers van hierdie skool, soos Cornelius Van Til (1895–1987) en Herman Dooyeweerd (1894–1977), word sy werk steeds deur baie hoog geag en wyd gelees (Schlebusch 2022:83–4). Die eerste redakteur van die invloedryke tydskrif *Christianity Today*, Carl F.H. Henry (1968:9), het na Clark verwys as een van die belangrikste filosofe in Amerika se geskiedenis en die invloedryke Amerikaanse teoloog R.C. Sproul het Clark uitgesonder as die een 20ste-eeuse Christelike denker wie se werke volgens sy mening oor 500 jaar steeds gelees sal word. John Robbins, die stigter van die *Trinity Foundation*, ’n Christelike navorsingsinstituut in die deelstaat Tennessee, het na Gordon Clark as “the philosopher of the Reformation” verwys, waarmee hy bedoel dat “Dr Clark completed the Reformation begun by Martin Luther and systematized by John Calvin by applying their first principle, the axiom of Scripture, Luther’s *Schriftprinzip*, not just to the narrow interests of theology, but to the whole of human thought” (Robbins 1999:7). Die Amerikaanse teoloog Gary Crampton (1999:109) artikuleer sy bewondering vir Clark se filosofie soos volg: “one must return to the works of Augustine to find anything comparable in the history of Christian thought”. Verder is die Amerikaanse kerkhistorikus Douglas Douma se biografie oor Gordon Clark, getiteld *The Presbyterian philosopher*, wat so onlangs as 2017 deur die akademiese uitgewer Wipf & Stock gepubliseer is, op sigself ’n getuigenis van die blywende invloed van Clark se filosofie.

Clark is gebore in Philadelphia in Pennsylvania en voltooi ook sy skoolloopbaan in dié stad. Beide sy pa en oupa was Presbiteriaanse predikante (Crampton 1999:11). In 1924 het hy sy eerste graad aan die Universiteit van Pennsylvania verwerf en in 1929 op 28-jarige ouderdom ook ’n doktorsgraad in die filosofie by dieselfde instelling. Die fokus van sy doktorale proefskrif was Aristoteles se *De Anima* (Weathers 2020:495). In 1936 is hy aangestel as professor in filosofie by Wheaton College in die deelstaat Illinois. Hy sou daar doseer tot in 1943, toe hy deur die rektor J. Oliver Buswell afgedank is (Dorrien 1998:58). Hierdie afdanking het plaasgevind na aanleiding van die feit dat baie ondersteuners en alumni van Wheaton College, wat bekend was as ’n fundamentalistiese instelling, van mening was dat Clark ’n “spirit of arrogant intellectualism” daar probeer vestig het en ook dat sy Calvinistiese uitverkiesingsleer in stryd sou wees met die instelling se evangeliese klem (Dorrien 1998:59). Kort daarna is hy aangestel

as die hoof van die Departement Filosofie by Butler Universiteit in die deelstaat Indiana. Hy sou in hierdie posisie aanbly tot en met sy aftrede in 1973 (Crampton 1999:11). Gedurende sy loopbaan skryf hy meer as 40 boeke, asook honderde opstelle en artikels, wat hoofsaaklik fokus op epistemologie, etiek, ontologie, die geskiedenis van die filosofie, opvoedkunde en teologie (Crampton 1999:110–28).

In 1944 is hy gelegitimeer as predikant in die Orthodox Presbyterian Church, 'n behoudende kerkverband in die Calvinistiese tradisie waarin Clark ook grootgeword het. Sy legitimasie deur die klassis van Philadelphia was uitsonderlik aangesien Clark nooit teologie studeer het nie, maar filosofie en tale (Douma 2017:10). Slegs drie maande na sy legitimasie sou daar egter vanuit die kerkverband 'n klagte teen die klassis van Philadelphia ingedien word. Wat noemenswaardig van hierdie klagte was, is die feit dat daar nie net beswaar gemaak is teen die wyse waarop Clark gelegitimeer is nie, maar ook teen sy epistemologie self. Die beswaar, onderteken deur twaalf ouderlinge en vyf dosente aan Westminster Theological Seminary, 'n instelling wat nou verbonde is met die Orthodox Presbyterian Church, het beweer dat Clark se hoë agting vir die rol van die menslike rede in die verkryging van kennis in stryd sou wees met die Christelike belydenis (Weathers 2020:498). Hierdie klagtes het uiteindelik daartoe gelei dat daar 'n hele dispuut binne die Orthodox Presbyterian Church ontstaan het wat later bekend sou word as die *Clark-Van Til Controversy* en wat uiteindelik daartoe sou lei dat Clark in 1948 die kerkverband verlaat het (Douma 2017:xxiv).

Die betrokke dispuut het uiteindelik oor die aard van menslike kennis as sulks gehandel. Clark het geargumenteer dat menslike kennis begrond is in goddelike kennis en dat beide in wese dieselfde is, alhoewel dit in graad verskil. Hy wou daardeur die eenheid van kennis en waarheid beklemtoon: as beide God en mens iets waarlik ken, dan moet daardie kennis oorvleuel (Clark 1968:67–8). In hierdie opsig het hy aansluiting gevind by Thomas Aquinas (1225–1274) se idee van *analogia entis*, waarvolgens daar 'n analogiese gemeenskaplikheid tussen die wese van God aan die een kant en die wese van die mens as beeld van God bestaan, omdat die mens die mens se wese van God ontvang en die mens se bestaan volkome begrond is in God se kennis en wil. As sodanig bestaan daar ook analogiese aanknopingspunte tussen die kennis van God en die kennis van die mens (Aquinas 1484:I.1.2.2). Cornelius Van Til (1895–1987), die welbekende Gereformeerde apologet en stigterslid van Westminster Theological Seminary, het daarenteen, in ooreenstemming met Karl Barth (1945:48), beweer dat die duidelike onderskeid tussen die Skepper en skepsel tot gevolg het dat goddelike kennis vir die mens beide kwalitatief en kwantitatief onbekombaar is. Menslike kennis van die werklikheid en van God oorvleuel nie met God se kennis nie, want die mens kan nooit die werklikheid ken as Skepper nie. Indien goddelike en menslike kennis sou oorvleuel, sou die ontologiese onderskeid tussen Skepper en skepsel daardeur geskend word. Daarom verskil die inhoud van menslike kennis en die inhoud van goddelike kennis noodwendig in elke opsig (Van Til 1953:35–7). Daar was dus 'n wesenlike verskil tussen Van Til en Clark wat betref die kenbaarheid van God en die goddelike wil (Hoeksema 2005:viii).

Omdat Clark hoofsaaklik bekend is vir hierdie konflik met die apologet Van Til, word sy filosofie ongelukkig dikwels vanuit bepaalde teologiese perspektiewe tot 'n apologetiese metodiek gereduseer, terwyl Clark eintlik, anders as sy opponent, homself daaraan gewy het om 'n omvattende filosofiese sisteem daar te stel (Naugle 2002:14). Soos John Robbins (1999:7) dit stel: “Gordon Clark achieved what no thinker before him had done: a complete revolution in philosophy”. Die oogmerk van hierdie artikel is dan ook 'n teoretiese analise van een van die belangrikste konsepte in Clark se epistemologie, naamlik logika, met die doel om

duidelikheid te werp op die aard van sy unieke epistemologiese raamwerk binne die breër konteks van die Christelike en veral die Reformatoriese filosofie, sowel as om die waarde van Clark se unieke waardering vir die rasionaliteit en logika vir beide filosowe en godsdienswetenskaplikes uit te lig.

## 2. Clark se aprioristiese epistemologie

In terme van sy epistemologiese raamwerk staan Clark beduidend in die Reformatoriese tradisie. Die Reformatoriese wysbegeerte soos onder andere vergestalt deur sy Nederlandse tydgenoot Herman Dooyeweerd (1894–1977) word gekenmerk deur die beskouing dat a priori-voorveronderstellings oor voor-teoretiese uitgangspunte integraal is tot menslike denke as sulks en dat dit onontkombaar is vir enige interpretasie van die werklikheid (Ahivo 2005:31). Die professors in filosofie aan die Vrye Universiteit Amsterdam, Gerrit Glas en Jeroen de Ridder (2017:19), beskryf die Reformatoriese epistemologie as pertinent gerig teen “the absolutization of theoretical thought ... [i.e.] the presumed autonomy of theoretical reasoning”.

Clark argumenteer dan ook dat die idee van *tabula rasa*, dit is dat die verstand soos ’n skoon bladsy is wat kennis inneem, ’n logiese onmoontlikheid is en dat a priori-voorveronderstellings noodsaaklik is vir die verkryging van enige kennis. Omdat ’n apriorisme of voorveronderstelling die onmisbare grondslag van kennis as sulks is, kan dit egter nie van enige iets afgelei word nie (Clark 1993:60). Hy skryf:

Every philosophic or theological system must begin somewhere, for if it did not begin it could not continue. But a beginning cannot be preceded by anything else, or it would not be the beginning. Therefore every system must be based on presuppositions (required as a precondition of possibility or coherence, tacitly assumed to be the case) or axioms (an accepted statement or proposition regarded as being self-evidently true). They may be Spinoza’s axioms; they may be Locke’s sensory starting point, or whatever. Every system must therefore be presuppositional. The first principle cannot be demonstrated because there is nothing prior from which to deduce it (Clark 1946:41).

Vir Clark (1993:61) is die kern en die grondslag van die verskil tussen sy eie Christelike wêreldbeskouing en ander wêreldbeskouings epistemologies van aard: die verskillende apriorismes of voor-teoretiese uitgangspunte is onversoenbaar en dit vergestalt in elke aspek van kennis in elke vakgebied.

In die lig van hierdie aprioristiese epistemologie kritiseer Clark ook die rasionalisme en empirisisme. Vir Clark (1961:52) eindig die rasionalisme noodwendig in solipsisme, aangesien die uitgangspunt dat die rede die enigste grond van alle ontwyfelbare kennis is, logieserwys wegdoen met eksterne realiteite, d. nie net met die Skepper nie, maar ook met die hele skepping self, aangesien daar geen ware kennis van enige iets buite die bewussyn self is nie. Die empirisisme faal weer omdat, soos Clark (1985:115) dit stel:

Man’s mind is not initially a blank. It is structured. In fact, an unstructured blank is no mind at all. Nor could any such sheet of white paper extract any universal law of logic from finite experience. No universal and necessary proposition can be deduced from sensory observation. Universality and necessity can only be a priori.

'n Bewussyn veronderstel die vermoë tot bewustheid van dit wat buite daardie bewussyn is as gegewe. Die sintuie op sigself, meen Clark, is daarom nie in staat om kennis van die werklikheid moontlik te maak sonder kognitiewe voorveronderstellings waarvolgens daardie werklikhede geïnterpreteer en verstaan kan word nie. As dit nie die geval was nie, sou diere, wie se sintuiglike waarnemings dikwels baie skerper as mense s'n is, immers kon lees en skryf en berekeninge doen (Clark 1980a:114).

Vir Clark is ware kennis alleen moontlik omdat God dit aan die mens se bewussyn openbaar. Hierdie openbaring word moontlik gemaak deur die feit dat die menslike verstand deur God verlig en in staat gestel word om die ewige realiteite wat deur die goddelike verstand gewil is, te begryp. Die rasoniele aard van die mens – iets wat ons nie met diere of plante deel nie – maak die mens in beginsel in staat om goddelike gedagtes ons eie te maak en sodoende ware kennis te bekom (Clark 1990:75). Hierdie rasoniele en logiese denkvermoë waardeur kennis ontvang word, is by wyse van die skepping van die mens as beeld van God deur God in die mens ingeplant. Kennis as sulks is dus nie in die eerste plek 'n produk van menslike vernuf nie, maar 'n openbarings- en skeppingsrealiteit (Clark 1987:119).

Clark beskou ware kennis dus as 'n suiwer begrip van dit wat deur God aan die mens by wyse van die Bybel, die natuur en die geskiedenis geopenbaar word. Die rede waarom die mens egter nie altyd hierdie kennis ontvang soos dit gegee word nie, maar dit verdraai, is omdat die mens na aanleiding van die sondeval 'n verdorwe natuur het en daarom bepaalde geopenbaarde waarhede aangaande God en die geskape werklikheid onderdruk (Clark 1965:182). Dit is alleen in die mate waardeur die verstand deur God verlig word dat die mens in staat gestel word om die waarheid te bekom deur God se gedagtes te bedink, aangesien die mens met die rasoniele kapasiteit geskape is om die geopenbaarde aspekte van die goddelike rasionaliteit, die grondslag van alle waarheid, te begryp (1985:113). Clark beskou die Bybel as die enigste onfeilbare openbaring van God se wil, maar 'n suiwer epistemologiese uitgangspunt is noodsaaklik vir die regte verstaan van hierdie openbaring. Vir Clark (1988:46–7) word die teologie dus begrond in die epistemologie:

It must forever be kept in mind that a theologian's epistemology controls his interpretation of the Bible. If his epistemology is not Christian, his exegesis will be systematically distorted. If he has no epistemology at all, his exegesis will be unsystematically distorted.

In ooreenstemming met sy Presbiteriaanse belydenis het Clark dan wel geglo dat God se openbaring beide via die natuur en die Bybel geskied (Crampton 1999:51), maar Clark was van mening dat ware kennis van enige aspek van die werklikheid alleen met bemiddeling van die Bybel gevind kan word, met ander woorde, by wyse van die interpretasie van geskape werklikhede aan die hand van die openbaring in die Bybel. Geen aspek van die werklikheid kan in terme van oorsprong, wese of doel begryp word sonder die Bybel nie. Daarom beskryf Crampton (1999:52) Clark as:

the first philosopher to apply the principle [of sola scriptura] to all areas of man's thought, not merely to theology proper ... [For Clark s]cripture is all-sufficient, not only to lead one to a saving knowledge of Jesus Christ, but also to justify all knowledge and to interpret each and every aspect of life.

Alhoewel Clark dus toegee dat diegene wat nie toegang tot die Bybel het nie of die uitsprake van die Bybel verwerp steeds by wyse van die natuurlike openbaring ware kennis van bepaalde aspekte van die werklikheid kan bekom, kan kennis in die epistemologiese sin van “justified true belief”, oftewel ware kennis met ’n gepaardgaande bewustheid van die ware grondslag en aard van daardie kennis, alleen bekom word aan die hand van die Bybel. Alle mense, as geskape volgens die beeld van God, het dus alleenlik toegang tot kennis in soverre God dit aan hulle openbaar, aangesien logika self, waardeur kennis bemiddel word, godgegewe is. Dat die Bybel die Woord van God is, is dan ook vir Clark die enigste logiese eerste voorveronderstelling vir die verkryging van kennis (Clark 1993:57–8).

### 3. Clark en die begrip *Logos*

Clark se verstaan van die Griekse begrip *Logos* soos dit gebruik word in die Johanneese evangelie en briewe, is ongetwyfeld die mees kontroversiële aspek van sy epistemologie (Crampton 1999:25). Sy verstaan van die begrip was immers wesenlik vir sy begrip dat ware menslike kennis en logika wesenlik en inhoudelik dieselfde is as goddelike kennis en logika. Clark (1989:19) was van mening dat die begrip *Logos* eerder met “logika” as “woord” vertaal behoort te word, want “as a Greek philosophic term, *Logos* indicates a supreme intelligence controlling the universe”. Hy beroep hom dan ook op die Aristoteliaanse gebruik van die begrip *Logos*, naamlik as ’n uitdrukking van rasionaliteit of ’n rasonele verhoog met beduidende epistemologiese oogmerke (Moss 2014:181). Clark (1989:25) definieer logika self verder as, in wese, goddelike denke, en hy meen daarom dat die Christelike geloof as geloof in die goddelike rasionaliteit die enigste ware antitese van irrasionaliteit self is.

Vir Clark lê die oorsprong van menslike logika self daarin dat God God se asem in die mens ingeblaas het waardeur die mens aanvanklik die Gees van God en die gepaardgaande goddelike rede ontvang het. Deur die sonde word hierdie suiwer rasionaliteit in die mens egter ontwig, en daarom behels heiligmaking ook om weer te leer om waarlik logies te dink soos wat God logies dink (Clark 1980b:3). Verlossing behels dus ook verlossing van irrasionaliteit en die bring van die mens se gedagtes in lyn met die gedagtes van God – die Christen behoort meer en meer soos God te dink. Clark (*Ibid.* 4) beskryf hierdie dinamika soos volg: “Logic is fixed, universal, necessary, and irreplaceable. Irrationality contradicts the Biblical teaching from beginning to end. The God of Abraham, Isaac, and Jacob is not insane. God is a rational being, the architecture of whose mind is logic.” Hierdie goddelike verstand is ook allesomvattend, aangesien die somtotaal van alle kennis daaruit voortspruit. Daar is niks wat bestaan onafhanklik van hierdie goddelike verstand en wil nie (Clark 1987:118–9). In hierdie opsig is Clark se epistemologie beduidend begrond in die Aristoteliaanse ontologie, en met name Aristoteles se idee van ontologiese afhanklikheid, waarvolgens alles in die heelal kategoriees ’n bepaalde ontologiese afhanklikheid of begronding in ’n metafisiese eerste oorsaak het (Katz 2017:47).

Hierdie idee van die skepping as ontologies begrond in die een goddelike wil, was deurslaggewend vir Clark se epistemologie. Aangesien alle nie-teïstiese realiteite noodwendig afhanklik is van hierdie goddelike wil, is die openbaring van hierdie goddelike wil noodwendig die ware grond van alle kennis oor die werklikheid. Hierdie openbaring is volgens Clark (1965:144) dan ook alleen as onfeilbare gegewe te vind in die Bybel. Die Bybel is met ander woorde die sine qua non van alle ware kennis. Die Bybel openbaar dan ook vir Christus self as sowel die



ontologiese *Logos* (Johannes 1:1–3) as die epistemologiese *Logos* (Johannes 1:9, 14).<sup>1</sup> Dit beteken dat Christus nie alleen die singewende Realiteit agter die werklikheid is nie, maar ook die epistemologiese lig waardeur die mens tot kennis van daardie werklikheid kom (Clark 1989:12).

In die praktyk beteken dit vir Clark dat ware logika onmoontlik bekombaar is sonder die verligting van die goddelike *Logos*. Aangesien logika dan ook te make het met afleidings of deduktiewe argumentvoering en “an inference is valid if the form of the conclusion is true every time the forms of the premises are”, kan daar nie in die werklike sin van die woord enige ware afleidings gemaak word sonder die voorveronderstelling van die goddelike *Logos* soos geopenbaar in die Bybel nie (Clark 1985:81). Daar bestaan dus volgens Clark se epistemologie ’n noodwendige en onlosmaaklike band tussen voorveronderstelling of apriorisme en logiese afleidings vanuit daardie apriorisme. Daarom verwerp hy alle induktiewe argumente, wat vanuit die besondere na die universele, oftewel vanuit geskape verskynsels na die wese van die realiteit probeer argumenteer, noodwendig as logiese denkfoute, aangesien daar nooit voldoende ervaring opgedoen kan word om universele gevolgtrekkings te maak nie (Clark 1994:35). Die aard van sodanige denkfoute blyk dan ook uit wat Clark beskou as induktiewe argumente se onafwendbare “introduc[tion of] terms into its conclusions that were not present in the premises”, aangesien die feit dat ’n gegewe fenomeen op ’n gegewe tydstip waarneembaar is, op sigself niks sê oor die ware aard van die werklikheid nie (Clark 1950:19).

Wat betref hierdie onlosmaaklike logiese verband tussen apriorisme en afleiding, onderskei Clark (1985:103–5) tussen sewe tipes logiese verhoudings:

- 1) Refleksiewe verhoudings, waar ’n afleiding noodwendig geïmpliseer word deur die apriorisme self, met ander woorde in wiskunde staan die getal 2 in ’n refleksiewe verhouding met homself, aangesien  $2 = 2$ . Die getalle 2 en 3 of die getalle 2 en 1 staan nie in ’n refleksiewe verhouding tot mekaar nie, aangesien 2 nie 1 of 3 impliseer nie.
- 2) Simmetriese en asimmetriese verhoudings, waar die afleiding en apriorisme in so ’n tipe verband staan dat die een nie sonder die ander kan nie. Met ander woorde familie-verhoudings verteenwoordig ’n simmetriese verhouding, dit is, as X familie is van Y is Y noodwendig familie van X. Daarteenoor is die ouer-kindverhouding asimmetries, want as X die ouer is van Y, dan beteken dit noodwendig dat Y nie die ouer kan wees van X nie.
- 3) Transitiewe verhoudings, dit is, wanneer ’n apriorisme ’n afleiding impliseer, maar daardie selfde afleiding ook noodwendig verdere afleidings impliseer wat dan beteken dat die apriorisme beide afleidings noodwendig impliseer. Met ander woorde, X impliseer Y en Y impliseer Z, daarom impliseer X ook Z.
- 4) Weerleggende verhoudings, wanneer twee stellings nie albei waar kan wees nie en ook nie albei vals kan wees nie. Met ander woorde as X waar is, is Y vals en as Y waar is, is X vals.
- 5) Teenstellende verhoudings, waar twee of meer stellings nie almal waar kan wees nie, maar wel almal vals kan wees.
- 6) Nie-teenstellende verhoudings, waar twee of meer stellings almal waar kan wees, maar nie almal vals kan wees nie.

- 7) Onderhewige verhoudings, waar twee stellings se waarheid of valsheid onderhewig is aan die waarheid of valsheid van die ander, met ander woorde óf albei kan waar wees, óf albei kan vals wees.

Volgens Clark (1985:112) is Christus as die *Logos* die openbaring van die goddelike logika, en omdat Christus net in die Bybel geopenbaar word, is alle bevindings se waarheid onderhewig aan 'n a priori-geloof in die soewereiniteit van sy goddelike wil soos geopenbaar in die Bybel, aangesien “Scripture is the mind of God, [and] the relation to logic can easily be made clear. As might be expected, if God has spoken, he has spoken logically”. Juis daarom meen hy dat:

in all other varieties of truth, God must be accounted sovereign. It is his decree that makes one proposition true and another false. Whether the proposition be physical, psychological, moral or theological, it is God who made it that way. A proposition is true because God thinks it so (Clark 1985:106).

Vir Clark (1961:48) staan kennis, openbaring en onfeilbaarheid in 'n nie-teenstellende logiese verhouding: die erkenning van die bestaan van kennis veronderstel dus noodwendig die erkenning van die bestaan van goddelike openbaring, en goddelike openbaring, in die ware sin van die woord, impliseer noodwendig onfeilbaarheid. Hierdie onfeilbaarheid is dan alleen te vinde die besondere openbaring van die *Logos* van God in die Bybel (Clark 1987:20). Die rede waarom daar dus in sy epistemologiese raamwerk nooit ware kennis uit die algemene openbaring verkry kan word wat teenstrydig sou wees met die besondere openbaring in die Bybel nie, is omdat daar nie iets soos 'n suiwer menslike logika bestaan nie, maar slegs 'n goddelike logika waaraan die mens deelneem in soverre dit deur die *Logos* aan die mens geopenbaar word. Hierdie openbaring is dan op sy beurt ook alleenlik moontlik omdat die mens as beeld van God die vermoë besit om aan die goddelike logika te kan deelneem (Crampton 1999:64). Ware kennis kan met ander woorde net as sodanig verdedig en geregverdig word binne die epistemologiese raamwerk geopenbaar deur die goddelike *Logos*.

#### 4. Logika as normatief in die denke van Clark

Vir Clark veronderstel kennis as sulks die bestaan van 'n bepaalde logika en rasionaliteit in die menslike verstand self (Clark 1957:88). Sonder logika is kennis volgens hom volkome onverkrygbaar. Hy skryf:

Logic is normative. Psychology may tell how we actually think; logic tells us how we ought to think. Attacking logic means attacking morality. If logic is disdained, then the distinctions between right and wrong, good and evil, just and unjust, merciful and ruthless also disappear. Without logic, God's words, 'You shall do no murder,' really mean: 'You shall murder daily' or 'stalin was Prince of Wales.' The rejection of logic means the end of morality, for morality and ethics depend on understanding. Without understanding, there can be no morality. One must understand the Ten Commandments before one can obey them. If logic is irrelevant or irreligious, moral behavior is impossible, and the practical religion of those who belittle logic cannot be practiced at all (Clark 1985:vii–ix).

Hierdie uitgangspunt en klem op die epistemologiese deurslaggewendheid van logika plaas Clark in 'n unieke posisie in die konteks van die Christelike en veral die Reformatoriese filosofie. Hy erken selfs dat sy idees grotendeels gevorm is by wyse van sy interaksie met Platoniese realisme:

Realists claim that the mind grasps, gets, has, knows the real object, though of course the real objects are not spatial or physical. Plato called them ideas, eternal and immutable. Although [my philosophy] ... is as realistic as it could be made, it differs from Plato in that ideas are replaced by propositions ... the Bible is largely propositional ... In order to have any Christian doctrine at all, universal propositions are necessary and indispensable (Clark 1990:128–9).

Vir Clark is “propositions” oftewel stellings alleenlik verstaanbaar by wyse van logika, wat ook die toets vir waarheid is. Die openbaring van die Bybel is nie inherent teenstrydig nie en daarom logies waar. Daarom is enige verwerping van die goddelike openbaring in wese 'n afwyking van logika in die ware sin van die woord (Clark 1952:90). Binne hierdie raamwerk word die rasionaliteit self dan in wese 'n etiese kwessie, aangesien irrasionaliteit neerkom op rebellie teen of minagting van die goddelike openbaring, oftewel dit wat in die Christelike teologie as sonde beskryf word. Soos die aanhaling hier bo toon, is Clark oortuig dat die suiwer gebruik van logika onmisbaar is vir die ortodokse verstaan van die Christelike leer en ook die praktiese toepassing daarvan in hierdie lewe. Oor hierdie hoë waardering van die logika is Clark ook deur een van Van Til se opvolgers, die bekende apologet Greg Bahnsen (1948–1995) gekritiseer. Bahnsen (2010:149–150) het naamlik beweer dat Clark se klem op logika uiteindelik skeptisisme aangaande die openbaring van God tot gevolg het.

Clark se idee van 'n normatiewe logika sluit in hierdie opsig aan by die epistemologie van die vader van die analitiese filosofie Gottlob Frege (1848–1925), wat bekend is daarvoor dat hy logika as die fundamentele boublok van denke as sulks beskou het – met ander woorde as dit wat kennis moontlik maak (Steinberger 2017:143). Clark se waardering vir Aristoteliaanse logika as basies tot teoretiese denke onderskei daarom ook sy Christelike rasionalisme beduidend van die Reformatoriese filosofie van byvoorbeeld Herman Dooyeweerd. Alhoewel Clark en Dooyeweerd saamstem oor die noodsaaklikheid van apriorismes of voorveronderstellings vir die daarstelling van teoretiese denke as sulks, beskou laasgenoemde hierdie apriorismes nie as logies-begronde uitgangspunte nie, maar eerder as geestelike dryfkragte wat die mens as denker daarheen dryf om die realiteit as sodanig te interpreteer. Dooyeweerd, sowel as Cornelius van Til in navolging van Dooyeweerd, beskou beide God en die bewussyn self as nie-logiese of voor-logiese voorveronderstellings (Dooyeweerd 1971:85). Vir Dooyeweerd is die voorveronderstellende aard van menslike denke eerder begrond in 'n inherente menslike impuls om alle denke te begrond op die absolute en uiteindelijke oorsprong, bron en oorsaak van geskape realiteite (Dooyeweerd 1935:21, 24). Onder hierdie geskape realiteite sluit Dooyeweerd dan ook die logika self in (Thomas 2014:58). Logika is dus volgens Dooyeweerd en Van Til nie inherent of onlosmaaklik verbind tot die voorveronderstelling van God of die goddelike openbaring nie. Clark is daarenteen van mening dat Aristoteliaanse logika iets van die ewige goddelike wil self beskryf wat nie deel vorm van die geskape werklikheid nie. Hy skryf:

In thinking about God Calvinists almost immediately repeat the [Westminster] Shorter Catechism and say, “God is a spirit, infinite, eternal, and unchangeable.” Perhaps we do not pause to clarify our ideas of spirit, but hurry on to the attributes of “wisdom,

holiness, justice, goodness, and truth.” But pause: Spirit, Wisdom, Truth. Psalm 31:5 addresses God as “O Lord God of truth.” John 17:3 says, “This is life eternal, that they might know thee, the only true God. . . .” I John 5:6 says, “The Spirit is truth.” Such verses as these indicate that God is a rational, thinking being, whose thought exhibits the structure of Aristotelian logic . . . . Man is not something in which somewhere God’s image can be found along with other things. Man is the image. This, of course, does not refer to man’s body. The body is an instrument or tool man uses. He himself is God’s breath, the spirit God breathed into the clay, the mind, the thinking ego. Therefore, man is rational in the likeness of God’s rationality. His mind is structured as Aristotelian logic described it (Clark 1985:105, 113).

Vir Clark weerspieël die mens se inherente logika of rasionaliteit dit wat hierdie spesie van alle ander dinge in die geskape realiteit onderskei, naamlik ’n geskapeheid na die beeld van God. As sodanig beskou, het die herstel van die beeld van God in die mens by wyse van die verlossing bewerk deur Christus dus nie net morele implikasies nie, maar by uitstek intellektuele en kognitiewe implikasies. Trouens, Clark gaan so ver as om te beweer dat “logical fallacies” as sulks die resultaat van die sondeval is (Clark 1984:74). Daarom behels verlossing ook die herstel van ware rasionaliteit. Christus, as *Logos* of Goddelike logika, kom herstel en suiwer die menslike rasionaliteit wat deur die sonde besoedel en verdorwe is (Clark 1961:105–6).

Vir Clark is die soteriologie – oftewel leer van hoe die mens saligheid verkry – in wese ’n onderdeel van epistemologie eerder as van metafisika. Dit is omdat die mens geensins opgehou het om mens te wees toe sonde die menslike natuur kom verdorwe het nie, maar die mens geregverdig word van hierdie sonde by wyse van geloof en om iets te glo is in wese ’n epistemologiese oefening. As sodanig bevry die Christelike geloof die mens dan ook in ’n epistemologiese sin van alle irrasionele en onlogiese wêreldbeskouings deur die mens na logiese, rasonele waarhede te lei (Clark 1952:24–5).

Logika is dus vir Clark normatief omdat Jesus Christus die oorsprong, doel en vergestaltung van logika is. Die mens dink logies omdat God logies dink en die mens na God se beeld en gelykenis geskape is. Die normatiewiteit van die goddelike openbaring in Jesus Christus impliseer dus die normatiewiteit van logika.

## 5. Gevolgtrekking

Gordon Clark se aprioristiese epistemologie gekenmerk deur ’n beklemtoning van die voor-teoretiese of voorveronderstellende aard van menslike denke plaas hom beduidend binne die raamwerk van die 20ste-eeuse Reformatoriese filosofie. In hierdie opsig vertoon sy denke ooglopende ooreenkomste met die filosofie van Dooyeweerd, sowel as die apologetiese uitgangspunte van Cornelius van Til, wat op sy beurt na Dooyeweerd as mentor en intellektuele inspirasie verwys het (Van Til 1969:iv). Waar Van Til dus, selfs as Amerikaanse Presbiteriaan, sterk geposisioneer is binne wat beskryf word as die “Amsterdamse skool” binne die Reformatoriese filosofie (Frame 1972:37), verteenwoordig Clark wat tereg beskryf kan word as ’n “Presbiteriaanse skool” binne die Reformatoriese filosofie (Douma 2017:102). Tussen hierdie twee skole bestaan ’n beduidende verskil as dit kom by die rol van logika in die epistemologie. Waar die Amsterdamse skool – ook in Noord-Amerika bekend as die “Toronto

School” (Douma 2017:226) – die klem plaas op logika as deel van ’n geskape werklikheid en iets waartoe die mens gebring word by wyse van die voorveronderstelling van God en sy openbaring, maak Clark geen onderskeid tussen die voorveronderstelling van God en sy openbaring en die gebruik van logika nie – vir Clark is logika, net soos almag en alomteenwoordigheid, ’n aspek of kenmerk van die ewige Godheid self eerder as ’n geskape realiteit (Clark 1985:115). Hierin lê dan ook die kern van die geskil tussen Van Til en Clark en dan ook die grond van eersgenoemde se bewering dat Clark die onderskeid tussen Skepper en skepsel relativer, terwyl Clark en sy ondersteuners weer beweer het dat Van Til se siening tot skeptisisme lei aangesien dit impliseer dat die mens nie enige iets volkome kan weet nie.

Verder is dit besonder interessant hoe Clark se Presbiteriaanse agtergrond en sy gepaardgaande streng aanhang van die Westminster Geloofsbelydenis van 1647 ’n deurslaggewende rol in terme van sy beskouing van die rol van *Logos* as epistemologiese begrip gespeel het. Die Westminster Belydenis het, in teenstelling met die Nederlandse Geloofsbelydenis, ’n beduidende epistemologiese struktuur en klem.<sup>2</sup> Eersgenoemde begin byvoorbeeld nie soos laasgenoemde met ’n eerste artikel oor God nie, maar oor die openbaring van God in die Bybel. Dit wil dus voorkom asof die ontologiese struktuur van die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat begin by God in artikel een en eers in artikel twee oorgaan na die openbaring, teenoor die epistemologiese struktuur van Westminster wat in artikel een begin by die openbaring en dan eers in artikel twee die geopenbaarde Godheid beskryf, ’n beduidende invloed gehad het op die verskil tussen die twee skole. Clark se Christelike rasionalisme oftewel ook bekend as “Scripturalism”, berus dan ook grotendeels op die Westminster Geloofsbelydenis se bewering in artikel 1.6 dat:

The whole counsel of God, concerning all things necessary for His own glory, man’s salvation, faith, and life, is either expressly set down in Scripture, or by good and necessary consequence may be deduced from Scripture: unto which nothing at any time is to be added, whether by new revelations of the Spirit or traditions of men.

Aangesien Clark alle werklikhede as geopenbaarde werklikhede beskou, is hy van mening dat alle kennis deur die Bybel of deur die logika van die Bybel, dit is “good and necessary consequence ... deducted from Scripture”, soos toegepas op die natuurlike openbaring, verkry word (Clark 1992:20). Clark se besondere hoë agting vir die logika is dus beduidend begrond in sy Presbiteriaanse konfessionele uitgangspunt. Die feit dat hierdie epistemologiese raamwerk nie deur die Nederlandse Geloofsbelydenis of die Drie Formuliere van Eenheid – die belydenisgrondslag van die Gereformeerde kerke in die Nederlandse tradisie – in dieselfde mate geïmpliseer word as deur die Westminster Belydenis nie, is ’n kernbelangrike punt in terme van die verskil tussen Clark en die Amsterdam/Torontoskool wat beswaarlik in die bestaande literatuur ter sprake kom.

Die waarde van Clark se unieke epistemologiese beskouing lê eerstens daarin dat dit ’n verweer bied teen een van die belangrikste besware teen die aprioristiese epistemologie kenmerkend van die Reformatoriese filosofie, naamlik dat dit nie daarin slaag om ’n argument vir die verifieerbare waarheid van die Christelike wêreldbeskouing teenoor ander beskouings daar te stel nie (Haines 2017:54). Clark se beklemtoning van die nie-teenstrydige aard van die goddelike openbaring as enigste wat die toets van die “law of non-contradiction” slaag, kom immers wel op so ’n argument neer. Dit is iets wat gemis word in die denke van beide Dooyeweerd en Van Til, wat hulself eerder berus by die erkenning van ’n bepaalde misterie van openbaringsparadokse (Hunt 2019:152). Dit is dan ook op hierdie punt dat Clark in reaksie

op die aanklagte teen hom, Cornelius Van Til se idee dat goddelike en menslike kennis altyd kwalitatief in elke opsig verskil, as “destructive of his system” beskryf het, aangesien dit volgens hom impliseer dat net ’n afdruk van die waarheid kenbaar is terwyl die waarheid self in wese altyd onkenbaar bly (Clark 1957:157).

Tweedens is Clark se Christelike rasionalisme ook ’n epistemologiese benadering waarvan godsdienswetenskaplikes kennis behoort te neem. Sy beklemtoning van kognitiewe voorveronderstellings as basis van geloofsdenke vind immers aansluiting by die 21ste-eeuse ontwikkeling van hierdie wetenskap weg van sosio-kulturele verklarings van godsdienstigheid na ’n toenemende waardering van die kognitiewe oorsprong van godsdienstige geloof, en dan met name ook veral in terme van dit waarna baie hedendaagse godsdienswetenskaplikes verwys as “predictive coding”, oftewel die kognitiewe voorveronderstellings wat as onderliggend tot godsdienstigheid beskou word (White 2021:19–20, 54; Schoedt 2019:370–1).

Die bydrae wat Gordon Clark tot die veld van die epistemologie gelewer het by wyse van sy duidelike uiteensetting van die aard en wese van logika sowel as sy besonder hoë waardering van die menslike rasionaliteit, sonder om te verval in rasionalisme, verdien daarom waardering selfs buite die kringe van die Calvinistiese filosofie. Filosofe, teoloë en godsdienswetenskaplikes van ’n verskeidenheid skole kan baat daarby om ag te slaan op die unieke waardering van logika in die epistemologiese raamwerk van Gordon Clark.

## Bibliografie

Ahivo, J. 2005. *Theological epistemology of contemporary American confessional reformed apologetics*. Helsinki: Luther – Agricola Society.

Aquinas, T. 1484. *Prima pars secunde partis Summe Theologie beati Thome de Aquino*. Napels: Antonius De Strata De Cremora.

Bahnsen, G. 2010. *Presuppositional apologetics: Stated and defended*. Braselton, GA: American Vision Press.

Barth, K. 1945. *Die Kirchliche Dogmatik: Die Lehre Vom Wort Gottes*. Zürich: Evangelischer Verlag.

Boghossian, P. 2007. *Fear of knowledge: Against relativism and constructivism*. New York: Oxford University Press.

Bosserman, B.A. 2014. *The Trinity and the vindication of the Christian paradox: An interpretation and refinement of the theological apologetic of Cornelius Van Til*. Cambridge: James Clarke.

Clark, G.H. 1946. *A Christian philosophy of education*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

—. 1950. The Achilles heel of humanism. *The Witness* (June–July 1950):5–20.

—. 1952. *A Christian view of man and things*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

- . 1957. The Bible as truth. *Bibliotheca Sacra*, 114:157–170.
- . 1961. *Religion, reason, and revelation*. Philadelphia, PA: Presbyterian and Reformed Publishing.
- . 1965. *What do Presbyterians believe? The Westminster Confession: Yesterday and today*. Philadelphia, PA: Presbyterian and Reformed Publishing.
- . 1968. The axiom of revelation. In Nash (red.) 1968.
- . 1980a. *Language and theology*. Philadelphia, PA: Presbyterian and Reformed Publishing.
- . 1980b. God and logic. *The Trinity Review* (November/December 1980):1–4.
- . 1984. *The Biblical doctrine of man*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- . 1985. *Logic*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- . 1987. *God's hammer: The Bible and its critics*. Jefferson, MD: the Trinity Foundation.
- . 1988. *The incarnation*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- . 1989. *The Johannine Logos*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- . 1990. *The Trinity*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- . 1992. *Essays on ethics and politics*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- . 1993. *An introduction to Christian philosophy*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- . 1994. *Lord God of truth*. Jefferson, MD: The Trinity Foundation.
- Crampton, W.G. 1999. *The Scripturalism of Gordon H. Clark*. Unicoi, TN: The Trinity Foundation.
- De Brès, G. 1850. *La confession de la foi Belge*. Brussels: Société Évangélique Belge.
- Dooyeweerd, H. 1935. *De wijsbegeerte der wetsidee. Boek I: De wetsidee als grondlegging der wijsbegeerte*. Amsterdam: H.J. Paris.
- . 1971. Cornelius Van Til and the transcendental critique of theoretical thought. In Geehan (red.) 1971.
- Dorrien, G. 1998. *The remaking of evangelical theology*. Louisville, KY: Westminster/John Knox Press.
- Douma, D. 2017. *The Presbyterian philosopher: The authorized biography of Gordon H. Clark*. Eugene, OR: Wipf & Stock.

- Forrest, B.K., J.D. Chatraw en A.E. McGrath (reds.). 2020. *The history of apologetics: A biographical and methodological introduction*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Frame, J.M. 1972. *The Amsterdam philosophy: A preliminary critique*. Cleveland, OH: Pilgram Press.
- Geehan, E.R. (red.). 1971. *Jerusalem and Athens: Critical discussions on the philosophy and apologetics of Cornelius Van Til*. Nutley, NJ: Presbyterian and Reformed Publishing.
- Glas, G. en J. De Ridder. 2017. Introduction to the philosophy of creation order, with special emphasis on the philosophy of Herman Dooyeweerd. In Glas en De Ridder (reds.) 2017.
- Glas, G. en J. De Ridder (reds.). 2017. *The future of creation order: Vol. I, philosophical, scientific and religious perspectives on order and emergence*. Cham: Springer.
- Goldman, A.I. en M. McGrath. 2015. *Epistemology: A contemporary introduction*. New York: Oxford University Press.
- Haines, D.A. 2017. A potential problem with presuppositional apologetics. *Journal of the International Society of Christian Apologetics*, 10:44–66.
- Henry, C.F.H. 1968. A wide and deep swath. In Nash (red.) 1968.
- Hoeksema, H. 2005. *The Clark–Van Til controversy*. Unicoi, TN: The Trinity Foundation.
- Hunt, J.B. 2019. *Cornelius Van Til's doctrine of God and its relevance for contemporary hermeneutics*. Eugene, OR: Wipf & Stock.
- Kahtz, E. 2017. Ontological separation in Aristotle's *Metaphysics*. *Phronesis*, 62(1):26–68.
- Moss, J. 2014. Right reason in Plato and Aristotle: On the meaning of Logos. *Phronesis*, 59(3):181–230.
- Nash, R. (red.). 1968. *The Philosophy of Gordon H. Clark: A Festschrift*. Philadelphia, PA: Presbyterian and Reformed Publishing.
- Naugle, D.K. 2002. *Worldview: The history of a concept*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Peterson, A.K., G.I. Saelid, L.H. Martin, J.S. Jensen en J. Sorensen (reds.). 2019. *Evolution, cognition, and the history of religion: A new synthesis*. Leiden: Brill.
- Robbins, J. 1999. Preface. In Crampton, 1999.
- Schlebusch, J.A. 2022. Is theocracy inescapable? Presuppositionalism, the public domain and post-secular theory. *Journal for Christian Scholarship*, 58(1–2):79–95.
- Schoedt, U. 2019. Predictive coding in the study of religion: A believer's testimony. In Peterson e.a. (reds.) 2019.



Siegel, H. 2014. What's in a name? Epistemology, "epistemology", and science education. *Science Education*, 98(3):372–4.

Steinberger, F. 2017. Frege and Carnap on the normativity of logic. *Synthese*, 194(1):143–162.

Thomas, J.M. 2014. *A cloud of witnesses: Great theological insights for today's church*. Eugene, OR: Wipf & Stock.

Van Til, C. 1953. *The defense of the faith*. Philadelphia, PA: Presbyterian and Reformed Publishing.

—. 1969. *A Christian theory of knowledge*. Philadelphia, PA: Presbyterian and Reformed Publishing.

Weathers, R.A. 2020. Gordon Haddon Clark: Logic and scripture in a presuppositional apologetic. In Forrest et. al. (eds.) 2020.

Westminster Assembly, 1992. *Westminster Confession of Faith with proof texts*. Horsham, PA: Great Commission Publications.

White, C. 2021. *An introduction to the cognitive science of religion: Connecting evolution, brain, cognition and culture*. Oxon: Routledge.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Clark (1985:116) vertaal dan ook Johannes 1:1 soos volg: "In the beginning was Logic, and Logic was with God, and Logic was God". Hy voeg dan ook dadelik toe: "Any translation of John 1:1 that obscures this emphasis on mind or reason is a bad translation". Dit is veral hierdie vertaling wat die wenkbroue van baie Van Tilliane laat lig het (Bosserman 2014:99).

<sup>2</sup> Hiermee wil nie beweer word dat die epistemologiese kwessie nie aan die orde kom in die Nederlandse Geloofsbelydenis nie, aangesien dit wel veral in artikel 5 van hierdie belydenisskrif uitdruklik ter sprake kom (De Bres 1850:5). Hier word bloot verwys na die feit dat die klem en struktuur van hierdie belydenis eerder die Reformatoriese ontologie as epistemologie vergestalt, terwyl die Westminster Belydenis 'n baie sterker epistemologiese struktuur en klem het.